HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

26 Januarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325



"PINKY PROMISE"

Sondag 26 Januarie 2025, 09:00 @ Hoogland

Genesis 15 & 17

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is,
die leraar(s) wil jou graag ontmoet. Kom maak asb. kennis, na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal.
(By die hoofingang.)

Kontak gerus ook vir Annalize in die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za onder EK WIL -> LIDMAAT WORD) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kan kontak maak.
Neem gerus ook 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Hoogland het vanoggend die voorreg om twee babas te doop:

- Klara Botha, dogtertjie van *Rico & Carla*
- Roaldt Strydom, seuntjie van *Ronnie & Roelien*

10:00 GVG Opening & Ouerontmoeting

Deurkollekte: Bybelverspreiding

Program vir die week

Sien gerus u 2025 Jaarprogram.

Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

ONTHOU: Enige gebedsversoek kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

GVG Mentors 2025

Dankie, Dankie, Dankie - vir elke GVG Mentor wat kom aanmeld het! Dit getuig werklik van Geloof wat deur liefde tot dade oorgaan!

Buffelsfontein etekaartjies

Geloof wat deur liefde tot dade oorgaan:

Die borgskap wat maandeliks etekaartjies aan 'n paar Buffelsfontein bejaardes besorg het, het in 2024 tot 'n einde gekom. Hoogland wil graag met hierdie inisiatief voortgaan deur donasies vir ete-kaartjies vanuit die gemeente te vra.

U is welkom om direk met Buffelsfontein reëlings te tref hieroor (041 368 8434 - praat gerus met Christa) of maandeliks 'n donasie in Hoogland se rekening in te betaal met die duidelike verwysing: ***BFontein etes***

Etekaartjies kos ongeveer R35 / ete.

Hoogland betaal reeds maandeliks die beskikbare bedrag, vir etekaartjies, oor.

Baie dankie vir elkeen wat reeds, op 'n gereelde basis 'n bydrae maak, ten opsigte van etekaartjies.

Hoogland Noodspens

Hooglanders, wees 'n seën om ander te seën asseblief. Noodspens benodig dringend:

- Toiletware: tandepasta / seep / sjampoe
- Nie - bederfbare kos: *White Star* kits mieliemeel pap / imana soya maalvleis pakkies / blikkies *baked beans*, vis (*tuna & pilchards), ens* / 2 min noedels / pasta / konfyt / suiker (250g) / grondboontjiebotter / rys (1kg) / koffie / tee / *samp & beans* pakkies ens.
- Toebroodjies: opgemaak in pakkies van 4 snye elk. Hierdie broodjies moet asseblief reeds verpak word in sakkies. Daar kan ook iets soos bv. polonie/ konfyt opgesit word.

Doopkursus

@HOOGLAND

OUERS & VOORNEMENDE OUERS

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

Volgende Doopkursus se datums is:
4, 11, 18, 25 Februarie

Bespreek by Annalize in die kerkkantoor:

- Skakel - 041-367 1485
- Epos - annalize@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

WYN OP WOENSDAE

sáám op soek na geleefde wysheid oor:

KODERING/ROBOTIKA/AI/ KUBERVEILIGHEID/ENS

18:30 - 20:00 @ Jeuglokaal, Hoogland (1 Isobellaan, Charlo)

(**Koste: R50** pp/geleentheid - Wyn/Koffie & peuselhappie ingesluit)

MOET Bespreek by 079 815 9325
WhatsApp jou naam & hoeveel persone

22 Januarie
Kodering & Robotika - waaroor gaan die bohaai in elke skool?
Prof Jean Greyling

29 Januarie
"Artificial Intelligence: Friend or Foe?'
Prof Bertram Haskins

5 Februarie
'The Impact of Technology on Healthcare'
Dr Sue Petratos

12 Februarie
'Staying Safe in the Digital Age: Cybersecurity Tips' - Prof Lynn Futcher &Prof Kerry-Lynn Thomson

Wyn op Woensdae

29 Januarie 18:30

TEMA vir die aand:
"AI" - jou vriend of vyand

Enige iemand is welkom - jy moet net bespreek!

'n Kenner op die gebied van kunsmatige intelligensie kom deel sy wysheid oor "AI".

Uit die hart... Bozo, die olifant

Bozo was ’n beroemde Indiese olifant in Londen. Hy was ’n pragtige, geliefde dier - ’n grootse sagte homp van sagmoedigheid.

Een dag het hy skielik amok gemaak en op ’n klomp kinders afgestorm. Die sirkus eienaar het geweet dat Bozo, die olifant, nou gevaarlik geraak het en uitgesit moet word.

Op die vasgestelde dag was Bozo in sy hok en drie manne met gewere het na sy kop gemik. Maar kort voor die opdrag gegee is dat hulle moet skiet, het ’n vreemdeling na die sirkus eienaar gestap en gesê: “ Meneer, hierdie is nie ’n slegte olifant nie. Gee my asseblief twee minute alleen in sy hok.”

Die eienaar het huiwerig ingestem. Die dapper man het in die hok ingegaan en in ’n vreemde taal liefdevol met die olifant gepraat. Hy het na hom gestap en sy slurp begin streel. Die olifant het sy slurp saggies om sy voete gesit, hom opgetel en weer versigtig neergesit.

Na ’n tydjie het die man uit die hok gestap en gesê: “Bozo behoort nou reg te wees. Jy sien, hy is ’n Indiese olifant en verstaan net een taal. Hy was net vol heimwee, verlang na iemand wat hom kon verstaan.”

(Die vreemdeling se naam was Rudyard Kipling, die beroemde skrywer van onder andere Jungle Book.)

Onthou, in ons Bozo-oomblikke van onsekerheid, oorgange, min verstaan, alleenheid of vrees, stap God rustig na ons toe deur Sy Woord en Gees en wat ons gerusstel. Hy is die Getroue wat ons nooit in die steek of alleen laat nie.

Groete ... Pieter